# Resensies / Reviews

**STOKER, H.G. 1995. Die Jehovah-getuies: 'n onchristelike kulte?**
Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes, Reeks A: Geesteswetenskappe Nr. 85.) 471 p. Prys: R57.
ISBN 1 868 22 198 9.

**Resensent:** *Fritz Krüger*
(Departement Ou & Nuwe Testament, PU vir CHO)

*Die Jehovah-getuies: 'n onchristelike kulte?* is die gepubliseerde weergawe van dr. Stoker se proefskrif, en word in die voorwoord deur sy promotor, prof. P.J. de Bruyn, beskryf as “die eerste omvattende studie oor die Jehovah-getuies in Afrikaans” en “baanbrekerswerk”. Hierdie twee beskrywings is as sodanig reeds sterk aanbevelings vir die lees van die boek.

Die aktualiteit van die studie word benadruk deur twee aspekte: (i) die geweldige groei wat die Wagtoring-organisasie in Suid-Afrika toon (die resultaat van aggressiewe werwing), en (ii) die aantrekkingskrag wat dit het vir mense wat die huidige tydsgewrig as een van krisis, oorgang en verwarring beleef (p. 25). Die absolute uitsprake van die organisasie in hulle publikasies, veral oor sake soos die koms/teenwoordigheid van Christus, die interpretasie van die Bybel, die ewige lewe, asook die aanspraak dat die organisasie die direkte mondstuk van God self is, trek baie eensame en verwarde mense na hulle toe. In 'n tyd waarin die gevestigde kerke in Suid-Afrika ook 'n geloofwaardigheidskrisis beleef, is die publikasie van hierdie omvattende en uiters volledige boek daarom baie tydig.

Verskillende aspekte het by die lees van die boek opgeval. Die mees oorweldigende is die gewaarwording dat 'n mens in die Jehovah-getuies te make het met 'n organisasie wat werklik met demoniese krag te werk gaan, en mense in die volle sin van die woord verslaaf aan 'n sisteem en lewenswyse wat niks anders as 'n leuen is nie. In hierdie verslawing is die aansprake op Christelikheid en 'n Bybelse fundering die mees gedugte wapens! Die twaalf eienskappe aan die hand waarvan kultes beskryf word, herinner baie sterk aan die eienskappe van verskillende totalitêre ideologiese sisteme ('n aspek waarmee die skrywer seker sal saamstem, gesien die feit dat hy van 'n beskrywing van Sjinese kommunisme gebruik gemaak het om die kenmerke van kultes te beskryf – vgl. p. 16, 19, 55). Die gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is dat die Wagtoring-organisasie in sy werkwyse en “leer” niks anders is as die magsbehepte veroweringstaktiek van 'n klein aantal individue nie (vgl. aantekening 1, p. 113) – 'n ideologiese organisasie wat met Christus en sy evangelie hoegenaamd niks te doen het nie!

Die werk beïndruk met die uiters deeglike analise van kultes, die omvangryke bestudering van die Wagtoring-organisasie se eie publikasies, die ontmaskerende oorsig oor die geskiedenis van die organisasie en die grondige weerlegging van sy leerstellings. Veral laasgenoemde is nie op dogmatiese wyse uit verskillende werke oor die gereformeerde dogmatiek gedoen nie, maar direk uit die Skrif. Hierdie werkwyse verhoog sowel die toeganklikheid as die betroubaarheid van hierdie boek. Dit lyk ook asof die outeur nie in die slaggat getrap het van blote "bewysplase" aanhaal nie – sy omgang met die Skrif en die aangehaalde tekste is verantwoord, nie bloot konteksloos en op die klank van die woord af geneem nie.

Enkele kritiese opmerkings moet ook gemaak word (hoewel die genoemde punte hoegenaamd nie afbreuk doen aan die gehalte van die werk nie!):

- Die lees van die boek word bemoeilik deur die plasing van aantekeninge aan die einde van elke hoofstuk. Sou dit nie meer prakties by wyse van voetnote gedoen kon word nie?

- Die eienskappe van kultes oor die algemeen word in Hoofstuk 2 bespreek aan die hand van hoofsaaklik drie outeurs (by gebrek aan meer materiaal oor die onderwerp?), naamlik Hassan, Martin en Watters. Laasgenoemde se aangehaalde werke handel egter almal juis oor die Jehova-getuies! Dit lyk na 'n sirkelredenasie om die eienskappe van 'n saak aan die hand van die saak self te bespreek (Hoofstuk 2), net om direk daarna die saak weer aan daardie selfde eienskappe te meet (Hoofstuk 3).

- Is die eienskappe van kultes net beperk tot kultes, of kom baie van hulle ook voor in eie kerklike gemeenskappe (dalk juis nou, ter wille van sekerheid en stabiliteit)? Hoe groot is die kultariese[1] element in 'n kerk soos die Rooms-Katolieke kerk? Is daar dus 'n waterdigte onderskeid moontlik tussen wat kerklik en wat kultaries is?

- Presies hoe ver strek die invloed van die Adventiste op die Wagtoring-organisasie, en waarin bestaan dit spesifiek? Dit word nie duidelik aangetoon nie (vgl. p. 123, 133).

- Wat word van die ander groep ná die skeuring in die organisasie (p. 134, 143)?

- In § 6.2 (p. 224 en verder) word die vraag oor die onwetendheid/alwetendheid van God goed beantwoord. Tog bly die gevoel dat die (moeilike) vraag rondom God se voorkennis van die sondeval (en sy gevolglike aandadigheid

---

1 "Kultaries" is 'n selfskepping van Stoker en verwys na "kulte" (in onderskeiding van "kultus" en "kulties" – Red.)

daaraan) enigsins ontwyk word. Dit laat hierdie leser met die vraag hoe die Jehovah-getuies dan geantwoord moet word: nie net die weerlegging van die valse leer nie, maar ook die verkondiging van die ware is immers noodsaaklik in die apologetiese gesprek!

Die boek lees gemaklik, en is in 'n toeganklike styl geskryf. Die feit dat dit 'n proefskrif is, hoef niemand daarvan te weerhou om dit te lees nie, aangesien akademiese taal werklik nie voorkom nie. Daar is wel een voorbehoud by die aanbeveel van hierdie boek: die omvang daarvan, asook die magdom inligting wat oorgedra word, maak dat dit moeilik bruikbaar sal wees as 'n praktiese gids vir lidmate by die konfrontasie van Jehovah-getuies. Sou dit moontlik wees om 'n verkorte weergawe aan te bied, sonder om enigiets van die eerlike beskrywing en Bybelse fundering prys te gee?

**VAN DER WALT, B.J. 1997. Afrosentries of Eurosentries? Ons roeping in 'n multikulturele Suid-Afrika.**

Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studies. 201 p. Prys: R25,00.
ISBN 1 868 22 254 3.

**Resensent:** *J.M. Vorster*
(Dept. Dogmatologie & Ekklesiologie, TSP/PU vir CHO)

B.J. van der Walt is 'n baie vrugbare skrywer oor aktuele sake vanuit 'n reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie werk wat ook in Engels by die IRS verkrygbaar is, behandel hy die roeping van die gelowige in die multikulturele Suid-Afrikaanse en Afrika-konteks. Hy spits veral toe op verskillende kultuurgroepe en behandel die vraag of ons moet kies tussen 'n Eurosentriese en Afrosentriese beskouing van onsself.

In die beantwoording van die vraag behandel hy verskeie aspekte van multikulturaliteit soos byvoorbeeld: die tydsprobleem, kultuurverskeidenheid vanuit 'n Christelike perspektief, die verskillende denkpatrone van Afrika en die Weste en kommunalisme en individualisme. Ander sake in hierdie verband word ook aangeraak. Wat opvallend is, is dat die skrywer werklik met die probleme worstel en nie poog om goedkoop antwoorde of slagspreuke aan te bied nie. Hy vermy die bekende ideologiese uiterstes wat óf beweer dat multikulturaliteit nie 'n werklikheid is nie, óf beweer dat dit die enigste realiteit is. Verder toon hy by wyse van 'n insiggewende eksperiment aan hoe min Afrikane van mekaar se kulture weet. Tog is wit en swart studente wat by die eksperiment betrek is, geneë om meer van mekaar te wil weet en mekaar te respekteer. In sy beskrywing van die eksperimentele proses kom baie belangrike aspekte van

identiteitsverskille aan die lig en kry die leser insig in die probleem wat behandel word. Die eksperiment dwing 'n mens tot verdere nadenke.

Ander sosio-politieke en maatskaplike probleme van Afrika word ook onder die soeklig gestel: lae inkomste, hongersnood, siekte, onreg en verontmensliking. Ekonomiese toestande word in besonder aangeraak. Op genuanseerde wyse bespreek hy verder die moontlike oorsake vir die krisis van Afrika. Met sy oorsig kan grootliks saamgestem word hoewel die paragrawe oor die rol van die internasionale ekonomiese sisteem (p. 135) meer beredeneer kon word.

Die boek trek saam in die slothoofstuk waarin 'n oplossing vanuit Bybelse perspektief op die tafel kom. Ook hier is die balans opmerklik – byvoorbeeld in die erkenning van etnisiteit, maar die afwysing van etnosentrisme. Ander sake in dié verband word ook behandel. Oor eenheid en verskeidenheid waarin die oplossing deels lê, maak hy op p. 175 die veelseggende stelling: "Verskeidenheid verryk die eenheid eerder as om dit uit te skakel. En omgekeerd: Eenheid beklemtoon die verskeidenheid, eerder as om dit op te hef". Hy pleit vir 'n beskeie omgaan met verskeidenheid en eenheid in essensiële dinge soos geregtigheid, liefde, nederigheid en verdraagsaamheid ten opsigte van verskille. Gedagtes oor Afrikanisering word ook op versigtige wyse gewissel. Uiteindelik pleit hy vir 'n reformatoriese visie sonder om in gemeenplase te verval.

Die boek lees maklik en die gedagtegang is logies. Hierdie publikasie is 'n prikkelende bydrae tot 'n debat oor verskillende Afrikane se toekoms in Afrika. Die aktualiteit en reformatoriese benadering spreek tot 'n mens. Oor baie sake wat Van der Walt behandel, kan gedebatteer word, maar die belangrike bydrae van die boek is die prinsipiële raamwerk wat dit 'n besondere bydrae uit reformatoriese perspektief maak. Die boek word aanbeveel vir elkeen (veral jongmense) wat hulle toekoms in Afrika sien.